

KONINKRYK

LES 22

1 GEBED

Bid vir die leiding van God se Gees, vir bewuswording van sy teenwoordigheid en vir die luister na sy stem. Wy hierdie les oor dissipelmaking aan die Here toe.

2 UITWISSELING (20 minute) [STILTETYE] PSALM 37, 38, 40 en 49

Maak beurte en vertel/deel (of lees)kortliks wat jy in een van jou stiltetye uit die aangewese Bybelgedeeltes geleer het (Psalm 37, 38, 40 en 49). Luister na die persoon wat deel, neem hom ernstig op en aanvaar hom. Moenie verder ingaan op wat hy deel nie.

3 MEMORISERING (5 minute) [SLEUTELVERSE IN ROMEINE] (9) ROMEINE 6:1

Repeteer twee aan twee.

(9) Romeine 6:13. Julle moet geen deel van julle liggame in diens van die sonde stel as 'n werktuig om goddeloosheid te bedrywe nie. Nee, stel julleself in diens van God as mense wat dood was maar lewend gemaak is, en stel elke deel van julle liggame in diens van God as werktuig om te doen wat God wil.

4 BYBELSTUDIE (85 minute) [DIE BRIEF AAN DIE ROMEINE] ROMEINE 6:1-11

Inleiding. Romeine 1:16 sê dat die evangelie 'n krag van God is tot redding van elkeen wat glo, in die eerste plek die Jood, maar ook die nie-Jood." Romeine 3 tot 5 leer "die krag van God tot redding of tot regverdiging" van die gelowige in Christus. Romeine 6 leer "die krag van God tot heiliging" van die gelowige in Christus.

Terwyl Romeine 5 die wetlike/juridies staat (of posisie) van die Christen leer, d.w.s., dat die Christen gelowige eens en vir altyd geregverdig is, leer Romeine 6 die morele staat (of toestand) van die Christen gelowige (en nie die proses van heiliging of heiligmaking nie), d.w.s., dat die Christen gelowige eens en vir altyd geheilig is.

Romeine 6:1-10 is 'n dogmaties uiteensetting: "wat om te glo" en Romeine 6:11 is 'n aansporing "hoe om te lewe".

STAP 1. LEES. GOD SE WOORD

Lees. Ons gaan Romeine 6:1-11 saam bestudeer.
Laat elke groeplid om die beurt één vers uit die Bybelgedeelte voorlees.

STAP 2. ONTDEK. WAARNEMINGS

Oorweeg. WATTER WAARHEID IN DIE GEDEELTE IS VIR MY BELANGRIK?

OF: WATTER WAARHEID IN HIERDIE GEDEELTE RAAK MY VERSTAND OF MY HART?

Skryf neer. Ontdek een of twee waarhede in hierdie Bybelgedeelte wat jy begryp. Dink daarvoor na en skryf jou gedagtes neer in jou Bybelstudie notaboek.

Deel. Nadat die groeplede ongeveer twee minute tyd gehad het om na te dink en neer te skryf, laat hulle in die kring beurte kry om te vertel wat hulle ontdek het.

Die volgende is voorbeelde van ontdekkings. Waarskynlik sal die groeplede ander ontdekkings maak as hierdie.

6:1-7

Ontdekking 1. Paulus redeneer dat dit onmoontlik is vir 'n Christen om in 'n sondige lewe te bly volhard.

In Rome het 'n bepaalde sekte, die Aanhangers van die Wet die valse leer gehandhaaf dat "'n mens geregverdig word deur die onderhouding van die werke van die wet". Die opposisie, die Teenstanders van die Wet het die valse leer gehandhaaf dat "'n mens wat uit genade geregverdig is die wet glad nie hoef te hou nie, maar mag aanhou om in sonde te lewe".

Die apostel Paulus het beide valse leerstellings verwerp. Teen die Aanhangers van die Wet het hy geleer dat 'n mens nie geregverdig word deur die werke van die wet te onderhou nie, maar uit genade deur die geloof in Jesus Christus. En teen die Teenstanders van die Wet het hy geleer dat 'n mens wat geregverdig is uit genade en deur geloof tog moes lewe

volgens die (morele) wet!¹ Hy moes die nuwe en heilige lewe in sy lewe wys. Paulus het geleer dat die wet nie die middel tot die regverdiging (verlossing) is nie, maar *wel die standaard* is waaraan geregverdigde mense moes voldoen.

(1) Romeine 6:1-2 leer dat die leerstelling van die Teenstanders van die Wet 'n teenstrydigheid is.

Paulus sê dat dit 'n teenstrydigheid is om te beweer dat iemand na Jesus Christus moes kom om verlos te word van die sonde ten einde aan te hou om in sonde te lewe!

(2) Romeine 6:3-4 leer dat die Christen verenig is met die dood van Christus en daarom vir die mag van die sonde gesterf het.

In sy redenering baseer Paulus hom op die Christelike doop. Hy sê dat almal wat (met die Heilige Gees) in Christus Jesus gedoop is² met Jesus Christus verenig is in sy dood. Dus, terwyl Christus “(as soenofferande) vir die sonde” gesterf het, het Christene gesterf “om nie langer in sonde te lewe nie”.

Hierdie eenmalige beslissende breuk met die sonde is die identiteit van die Christus! Die loskoop van die sonde deur 'n losprys te betaal is:

- 'n bevryding van die straf vir die sonde (die sondaar word geregverdig (vergewe))
- 'n bevryding van die mag (en slawerny) van die sonde (die sondaar word geheilig). “Jesus Christus het vir ons geword die wysheid wat van God kom, die vrypraak (geregtigheid) die heiliging en die verlossing” (1 Korintiërs 1:30)!

Elke Christen wat met Christus verenig is in sy dood, het gesterf vir die mag van die sonde! Hy is nie meer 'n slaaf van die sonde nie.

- Daarom kan 'n mens wat 'n Christen geword het, nie langer aanhou met lewe in die sonde nie.
- En daarom kan 'n mense wat aanhou om in die sonde te bly lê nie 'n Christen wees nie (sien 1 Johannes 3:6-9)!

(3) Romeine 6:5-7 leer dat die Christen verenig is met die opstanding van Christus en daarom die nuwe lewe wil, kan en sal lewe.

In sy redenering baseer Paulus hom op die opstanding van Christus. Hy sê dat mense wat met Christus verenig is in sy dood, ook verenig is met sy opstanding! Daar is 'n oorsaaklike verhouding tussen die dood en die opstanding van Jesus Christus. Netso seker as wat die dood deur die opstanding gevolg word, so seker word die sterwe van die Christen vir die skuld en mag van die sonde gevolg deur die nuwe en heilige lewe.

Die dood en die opstanding van Jesus Christus maak die wetlike/juridiese staat van die regverdiging en die morele staat van die heiliging van die gelowige baie seker. 'n Christen deel in die dood van Christus ten einde ook te deel in die opstanding en lewe van Christus. Christene kan nie die voordele van die dood sonder die voordele van die opstanding geniet nie. Om heilig en rein te word, moet God hulle eers regverdig. Mense kan nie heilige (rein) word sonder eers geregverdig (vergewe) te word nie! In die Bybel is die regverdiging (vrypraak, vergewing van sondes) en die heiliging (reiniging van sondes) onafskeidelik! (Die toekomstige tye in vers 5 en 8 druk nie 'n toekomstige handeling uit nie, maar sekerheid!

6:8-11

Ontdekking 2. Paulus redeneer dat die Christen definitief verander is.

In hierdie paragraaf trek Paulus die gevolgtrekking uit sy redenering. Jesus Christus het eenmaal in die geskiedenis gesterf en sy dood word nooit herhaal nie. In sy menslike natuur het Jesus Christus uit die dood opgestaan en leef Hy nou 'n lewe toegewy aan God.

Net so, sterf 'n Christen maar een keer in die geskiedenis vir die mag van die sonde en is hy in staat om toegewyd vir God te lewe. Die skeiding van die Christen van die mag van die sonde is definitief en die vermoë van die Christen om die nuwe lewe te lewe is seker. Hierdie eenmalige beslissende gebeurtenis, naamlik: “met Christus dood te wees” toon aan dat sy dood wees vir die mag van die sonde 'n blywende staat of toestand is. Net so toon hierdie eenmalige gebeurtenis, naamlik: “met Christus opgestaan wees” aan dat “sy lewe vir God ook 'n blywende staat of toestand is. Die lewe van 'n Christen word nie langer bepaal of beheers deur die mag van die sonde nie, sodat dit hom veroordeel (verdoem), verontreinig en verslaaf nie. Christene word nie langer bepaal of beheers deur hul ou sondige natuur en sondige dade wat hulle in hul liggame gedoen het nie.

Hierdie toestand van “dood wees vir die mag van die sonde” en hierdie nuwe vermoë om in gehoorsaamheid aan Christus te lewe”, word in die Bybel “heiliging” genoem. Hierdie blywende staat van heiliging word nie vernietig deur die sondes wat hy in die toekoms doen nie. Net soos die dood en die opstanding van Jesus Christus vir Hom eenmalig was, so is ook die verkryging van die staat van regverdiging en heiliging eenmalig vir mense wat in Jesus Christus glo! In Romeine 6:11 beveel Paulus,

¹ Die morele wet, byvoorbeeld, die Tien Gebooië.

² Dit kan nie na die doop met water verwys nie, omdat mense nie deur iets wat mense doen (met water doop) wedergebore kan word nie. Hulle kan alleen wedergebore word deur wat God doen (doop met die Heilige Gees) (sien Johannes 1:12-13)!

“Julle moet dus altyd onthou dat ook julle vir die sonde dood is, maar vir God lewe, omdat julle een is met Christus Jesus.”

Let wel, Christene word nie beveel om vir die sonde te sterf nie en lewend vir God te word nie, want dit word veronderstel dat Christene al dood is vir die sonde en lewe vir God! Let wel, dis nie deur te beskou of te glo dat hierdie dinge feite is dat hulle feite word nie. Hulle is al feite! Dit is al 'n feit dat mense wat in Jesus Christus glo, geestelik met Jesus Christus verenig is in sy dood en in sy opstanding (2000 jaar gelede)! Daarom is dit ook 'n feit dat mense wat in Jesus Christus glo al geregverdig (vergewe) en geheilig (gereinig) is. Hulle het al gesterf vir die mag van die sonde wat hulle veroordeel (verdoem), verontreinig en verslaaf en hulle is al in staat om die nuwe en heilige lewe vir God te lewe. Wat Paulus Christene beveel om te doen, is te glo dat die regverdiging en die heiliging al feite is en dit as feite te waardeer!

STAP 3. VRAAG.

UITLEG

Oorweeg. WATTER VRAAG UIT DIE BYBELGEDEELTE SOU JY AAN DIE GROEP WIL STEL?

Kom ons probeer om so veel as moontlik waarhede in Romeine 6:1-11 te begryp en vrae te stel oor dit wat ons nog nie begryp nie.

Skryf neer. Formuleer jou vraag so duidelik moontlik deur gebruik te maak van vraagwoorde (wie? wat? waarom? hoe?) en skryf jou vraag in jou notaboek.

Deel. Nadat die groeplede ongeveer twee minute tyd gehad het om na te dink en hulle vraag neer te skryf, laat hulle elkeen 'n beurt kry om hulle vraag te lees.

Bespreek. Bespreek so veel moontlik van hierdie vrae met mekaar.

Die volgende is voorbeelde van vrae en aantekeninge wat die beantwoording kan vergemaklik.

6:1

Vraag 1. Wie was die mense wat geglo het dat Christene mag aanhou om sonde te doen?

Aantekeninge. Romeine hoofstuk 5 sluit met die stelling: “Die wet het bygekom om die oortredinge nog meer te maak; en hoe meer die sonde geword het, hoe oorfloediger het die sonde geword” (Romeine 5:20). Uit hierdie stelling het 'n groep mense 'n valse leerstelling getrek. Hulle het ten onregte geleer: “God gee die wet sodat mense nog meer sou sondig” en “hoe meer mense sondig, des te meer word God verheerlik deur die genade wat Hy aan die sondaars bewys.” Daarom het hulle geleer: “Mense moet aangemoedig word aan te hou met sonde te doen”. Hulle het gesê, “Laat ons aanhou sonde doen, sodat die genade kan toeneem!” Hierdie leerstelling is duidelik 'n valse leerstelling! Die mense wat die Bybelse leer van die genade so verdraai het, is die Teenstanders van die Wet genoem.

(1) Die Teenstanders van die Wet benadruk die werk van God, maar negeer die verantwoordelikheid van die mens.

Hulle lê die nadruk op die volbragte verlossingswerk van Christus tot die uiterste dat hulle die noodsaak vir mense om hulle te bekeer, wedergebore te word en geheilig te word verwaarloos. Alhoewel dit waar is dat Jesus Christus die volledige verlossingswerk vir Christene verwerf het, is dit nie waar dat Christene niks hoef te doen om verlos te word nie.

(2) Die Teenstanders van die Wet benadruk die genade van God tot die mate dat hulle die wet van God verwerp.

Hulle glo ten onregte dat Christene alleen “onder die genade” is en daarom niks met die wet te make het nie. Hulle leer dat die goeie werke wat die wet eis, nie van Christene geëis word nie. En hulle leer dat die slegte werke van Christene uit genade ontsien word! Hulle glo dat die slegte dade van Christene tot hul ou natuur behoort en daarom nie saak maak nie. Daarom kan Christene in hul liggame doen wat hulle wil.

Die argument van die apostel Paulus teen die valse leer van die Teenstanders van die Wet (hul verdraaiing van die leer van die genade) is dat die verwerping van die verlossing deur Jesus Christus nie die toepassing van die verlossing deur Jesus Christus uitsluit nie! Jesus Christus het die verlossing verwerf (verdien) deur sy soenofferande aan die kruis. Maar Hy pas hierdie verworwe verlossing tot op mense deur hul bekering en geloof in die evangelie (Markus 1:15), deur hul wedergeboorte en vernuwings deur die Heilige Gees (Titus 3:5) en deur hul gehoorsaamheid aan die morele wet (Johannes 14:21,23). Paulus redeneer dat die regverdiging nooit van die heiliging geskei mag word nie! Die wetlike/juridies staat van die regverdiging en die morele staat van die heiliging behoort onafskeidelik by mekaar. Die mens wat deel aan die voordele (weldade) van die dood van Christus, deel ook aan die voordele (weldade) van die opstandingslewe van Christus. Die regverdiging of verlossing mag nooit en kan nooit geskei word van die nuwe en heilige lewe nie!

6:3-4

Vraag 2. Wat is die betekenis van die christelike doop?

Aantekeninge. Romeine 6:1-7 spreek nie oor die christelike doop met water nie, maar oor die doop met die Heilige Gees! Dit leer nie die metode van die doop met water nie, maar leer die betekenis van die doop met die Heilige Gees!

In Romeine 6:3 beteken “in Christus Jesus gedoop wees” verenig wees met Christus, gemeenskap met Christus en 'n deel hê aan die voorregte in Christus. Hierdie vereniging met Jesus Christus word tot stand gebring deur die doop met

die Gees deur Jesus Christus (Markus 1:8b) en nie deur die doop met water deur 'n mens (bv. 'n voorganger) nie (Markus 1:8a). Die doop met water is alleen die teken van die doop met die Gees (Handelinge 10:47-48).

In Romeine 6 beteken die doop (met die Gees) in besonder vereng wees met Christus in sy dood en deel hê aan al die verworpenhede van sy dood. Dit beteken verenig met Christus wees in alles wat Hy is, en in al die fases van sy verlossingswerk as Middelaar. Die vereniging met Jesus Self kan nie geskei word van die vereniging met sy opstanding nie.

(1) Die vereniging met sy dood.

Romeine 6:3-4 en Kolossense 2:12 leer dat “Christene wat (deur die Gees) in Jesus Christus gedoop is, in sy dood gedoop is”. Hul “begrawe wees” met Christus is die bewys dat hulle werklik gesterf het (dit was nie maar 'n skyndood nie). Terwyl die doop met die Gees (d.w.s. die wedergeboorte deur die Heilige Gees) die gelowige geestelik verenig met die dood van Jesus Christus 2000 jaar gelede, beteken/symboliseer die doop met water hierdie geestelike vereniging van die gelowige met die dood en opstanding van Jesus Christus. Die tydvorms van die werkwoorde in Romeine 6:3-4 (Grieks: aoristus) toon aan dat Christene *eens en vir altyd* geestelik gesterf het en begrawe is in die verlede van hul geskiedenis (die ou mens moet dus nie weer opgegrawe word nie)! Christene is so effektief van die ryk van die sonde, die sondige wêreld en die koninkryk van die satan uitgesluit as 'n dooie mens uit die menslike lewe uitgesluit is. Christene is eens en vir altyd geregverdig (vergewe). Die voltooide teenwoordige tyd van die werkwoord in Romeine 6:5 (Grieks: gegonamen) toon aan dat die regverdiging (vergewing) 'n permanente of onophoudelike teenwoordige werklikheid is!

(2) Die vereniging met sy opstanding.

Romeine 6:5 leer dat Christene ook baie seker met Jesus Christus verenig is in sy opstanding. Die opstanding verwys na die opstandingslewe hier en nou op die aarde en na die opstanding van die liggaam by die wederkoms van Christus. Die argument in Romeine 6:5 is dat die geestelike vereniging met die dood en begrafnis van Jesus Christus nie geskei kan word van die geestelike vereniging met die opstanding van Jesus Christus nie. Die wedergeboorte deur die Heilige Gees (en geloof in Jesus Christus) het die Christen geestelik verenig met die dood en begrafnis van Jesus Christus 2000 jaar gelede en het gelei tot die regverdiging van die gelowige. Netso het die wedergeboorte deur die Heilige Gees (en die geloof in Jesus) die Christen geestelik verenig met die opstanding van Jesus Christus 2000 jaar gelede en het gelei tot die heiliging van die gelowige!

Elke Christen is 'n “heilige” op grond van die volbragte (verworwe) verlossingswerk van Christus 2000 jaar gelede en op grond van die toepassing daarvan deur die Heilige Gees in sy lewe hier en nou. Die dood van Jesus Christus as 'n soenofferande vir die sondes is noodsaaklik en seker vir die regverdiging. So is die opstandingslewe van Christus noodsaaklik en seker vir heiligheid.

Christene word nou al deur God beskou as “volmaak regverdig en heilig”.

Hul verworwe regverdiging en heiliging is hul posisie of staat in Christus.

Christene sal steeds meer en meer gelykvormig word aan Jesus Christus in 'n heilige lewe hier en nou op die aarde.

Hul aanhoudende heiliging is hul proses of (lewens)styl in Christus.

By die wederkoms van Christus sal Christene met liggaam en siel heeltemal gelykvormig wees aan Christus. Hul uiteindelijke verheerliking is hul bestemming in Christus.

Die hele bespreking in Romeine 6 draai rondom die verband tussen die staat van (wetlike/juridies) regverdiging en die staat van (morele) heiliging.

6:6

Vraag 3. Wat is die verskil tussen “die ou mens” en “die nuwe mens”?

Aantekeninge. Christene moet onderskeid maak tussen die uitdrukkings: “die ou mens”, “die sondige natuur” en “die uitwendige mens”.

(1) Die ou mens het beslis gesterf en die nuwe mens is nou 'n werklikheid.

“Die ou mens” verteenwoordig “die onwedergebore natuur” (Romeine 6:6). Dit is “die natuurlike mens” wat vrywillig gekies het om 'n slaaf van sy sondige natuur te bly (Romeine 6:16) en daarom volledig deur sy sondige natuur beheers word (Romeine 8:6-8). “Die nuwe mens” verteenwoordig “die weergebore natuur” van die Christen.

Deur geloof in Jesus Christus word sy onwedergebore natuur eens en vir altyd gekruisig (Romeine 6:6; Galasiërs 2:20) en sy wedergebore natuur eens en vir altyd uit die geestelike dood opgewek (Romeine 6:4-5). Dan word die onwedergebore natuur eens en vir altyd (letterlik:) uitgetrek (ANV: *daarmee gebreek*) (Efesiërs 4:22) en die wedergebore natuur eens en vir altyd (letterlik:) aangetrek (ANV: *lewe as nuwe mens*) (Efesiërs 4:24)! Die ou mens word uitgetrek wanneer die nuwe mens aangetrek word (Kolossense 3:9-10). Hulle kan nie tegelyk of saam bestaan nie!

(2) Maar die nuwe mens het nog steeds 'n sondige natuur.

Terwyl nie-Christene nie vry is van die absolute dominerende en verslawende mag van hul sondige natuur nie, is Christene eens en voor altyd vrygemaak van die absolute dominerende en verslawende mag van hul sondige natuur. Tog bly “hul sondige natuur” nog 'n aanwesige en dwingende mag in hul lewe (Romeine 6:7, 7:18; 8:2) en is voortdurend in stryd met die heilige gees wat in die nuwe mens woon (Romeine 6:13,19; Galasiërs 5:16-23).

Opregte Christene kies telkens om beheers te word deur die Heilige Gees en nie deur hul sondige natuur nie (Romeine 8:9,13). Telkens weerstaan hy gelykvormig te word aan hierdie sondige wêreld en kies hy vir gelykvormig te word aan Christus. So bly die geestelike mens geestelik groei (Romeine 12:1-2). Die doel en die standaard van hierdie voortdurende vernuwing is Jesus Christus en gelykvormigheid aan Christus (Efesiërs 4:13-14). Die nuwe mens word voortdurend vernuwe na die beeld van God (Kolossense 3:10).

(3) Die nuwe mens kan onderskei word as die uiterlike mens en die innerlike mens.

Die uiterlike voorkoms van die mens word “die uiterlike mens” genoem en sy innerlike wese word “die innerlike mens” genoem. “Ook al vergaan ons uiterlike mens (ons word steeds ouer en swakker), tog word die innerlike mens van dag tot dag vernuwe (2 Korintiërs 4:16).

“Die uiterlike mens” is “die kleipot wat maklik breek” (2 Korintiërs 4:7), “die verganklike liggaam” (2 Korintiërs 4:10-11) en nie die onwedergebore mens nie. Dit is die hele menslike gestel met al sy vermoëns en kragte, sowel mentaal as liggaamlik, sowel wat insig en praktyk betref, wat aan die verval onderhewig is en na die graf beweeg. Die onvoltooide teenwoordige tyd toon aan dat hierdie verval ’n konstante en onomkeerbare proses is. “Die uiterlike mens” is “die nuwe mens” soos hy vir ander mense sigbaar is.

“Die innerlike mens” is die Christen hart waarin die lig van God skyn en regte kennis en ervaring van God se heerlikheid gee (2 Korintiërs 4:6). Dit is die Christen hart waarin die Heilige Gees woon as ’n onderpand of eerste uitbetaling wat die toekomstige vervulling van alles wat God beloof het, garandeer” (2 Korintiërs 1:22; 5:5). In die innerlike mens plant die Heilige Gees die prinsipe van die nuwe lewe; daar oefen Hy sy heersende invloed uit en daar gee Hy krag om in alle geestelike deugde te groei (Efesiërs 3:16-17). Die innerlike mens bly verborge vir die sig van mense in die wêreld en ontoeganklik vir hul ontleding.

Na die wedergeboorte is die Christen nog steeds ’n ondeelbare persoonlikheid (d.w.s. ’n lewende wese/siel met ’n onsigbare menslike gees en ’n sigbaar menslike liggaam), wat van buite deur mense en van binne deur God beskou word. Paulus spreek oor die groot christelike waarheid dat die sigbare voortgang in uiterlike verval daagliks vergesel word deur die ervaring van innerlike vernuwing!

STAP 4. DOEN.

TOEPASSINGS

Oorweeg. WATTER WAARHEDE IN HIERDIE BYBELGEDEELTE HET MOONTLIKE TOEPASSINGS VIR CHRISTENE?

Deel en skryf neer. Kom ons hou ’n dinkskrum en stel ’n kort lys saam van moontlike toepassings uit Romeine 6:1-11.

Oorweeg. WATTER MOONTLIKE TOEPASSING WIL GOD HÊ DAT JY PERSOONLIK MOET TOEPAS?

Skryf neer. As jy ’n persoonlike toepassing maak, skryf dit dan neer in jou Bybelstudie

notaboek. Het jy die vrymoedigheid om hierdie persoonlike toepassing met andere te deel of nie?

(Let wel dat hoewel ’n waarheid dieselfde bly, daar ’n hele aantal verskillende toepassings van hierdie waarheid moontlik is. Hier volg ’n lys van moontlike toepassings.)

1. Voorbeelde van moontlike toepassings uit Romeine 6:1-11.

- 6:1. Dink aan jou sondige gewoontes. Besluit om te breek met hierdie sondige gewoontes en op te hou met sonde doen.
- 6:3-4. Besef dat wanneer jy in Jesus Christus gaan glo, jy nie langer meer ’n slaaf van jou sondige natuur is nie. Jy kan jou vroeëre sondige gedagtes, woorde, gewoontes en karaktertrekke verander as jy wil.
- 6:3-4. Begryp duidelik die betekenis van die christelike doop. Die christelike doop is bo alles “’n onsigbare doop met die gees” (Markus 1:8; Handeling 11:14-18; 1 Korintiërs 12:13; Titus 3:4-8) wat gesimboliseer word deur “’n sigbare doop met water” (Matteus 28:19; Handeling 2:38; Handeling 10:47-48; Handeling 22:16). Die christelike doop (met die Gees) beteken geestelike vereniging met Jesus Christus, gemeenskap met Christus en deel hê aan sy volbragte verlossingswerk in die verlede, hede en toekoms. In die besonder beteken dit deel hê aan die weldade van sy dood in my plek, naamlik, dat my sondes weggevaar is (Handeling 22:16). Dit beteken dat ek volkome vergewe is (Handeling 2:38) of geregverdig is (Romeine 6:7).
Onthou dat hierdie dinge *nie* tot stand kom deur die doop met water deur ’n mens (bv. ’n seremoniële rite deur ’n voorganger), maar alleen deur die doop met die Heilige Gees (wedergeboorte) deur Christus! Romeine 6:3-7 spreek *nie* oor die doop met water nie en ook *nie* oor die metode waarmee met water gedoop behoort te word nie (bv. deur onderdompeling). Dit spreek oor die doop met die Gees wat in die Bybel altyd voorgestel word as die Gees wat van bo op en oor die gelowige uitgegiet word (Handeling 2:3; 2:17,33; Handeling 2:38; 10:44; 11:16). En die doop met water word ook voorgestel as “water wat (van bo af) op die hande uitgegiet word” (2 Konings 3:11) waardeur “sondes afgewas word” (Handeling 22:16).
- 6:5-6. Besef dat die wetlike/juridies staat van regverdiging nie van die morele staat van heiliging geskei kan word nie. Wanneer ’n Christen deel het aan die dood van Jesus Christus, dan het hy ook deel aan die opstanding van Jesus Christus. Daarom behoort ’n Christen die nuwe opstandingslewe in Jesus Christus ook in sy lewe te toon.
- 6:10-11. Maak die nuwe lewe sigbaar en behaag op hierdie manier God.

2. Voorbeelde van persoonlike toepassings uit Romeine 6:1-11.

Ek wil myself as dood vir die mag van die sonde beskou en lewend vir God. Ek verheug my in die feit dat die absolute mag van my sondige natuur gebreek is en ek bevry is van die voortdurende slawerny aan die sonde. Ek wil bly onthou dat ek nou lewend vir God is en dat ek die nuwe en heilige lewe behoort sigbaar te maak en dat ek dit *ook kan en wil*.

Ek wil bly onthou dat 'n Christen nie alleen deel het aan al die weldade van die dood van Christus nie, maar ook van al die weldade van die opstanding van Christus! My geestelike sterwe met Christus het gelei tot die breek van die absolute mag van my sondige natuur. Volgens Romeine 6:7 is my sondige natuur al tot die dood veroordeel en word hierdie vonnis my hele lewe lang uitgevoer. Deur die werk van die Heilige Gees in my word die mag van die sondige natuur in my telkens weer verbreek en kry ek die vermoë om die nuwe en heilige lewe te toon.

STAP 5. BID.

REAKSIE

MAAK BEURTE EN BID TOT GOD OOR ÉÉN WAARHEID WAARMEE GOD JOU AANGESPREEK HET in Romeine 6:1-11.

(Reageer in jou gebed op iets wat jy gedurende die Bybelstudie geleer het. Oefen jouself om kort te bid, bv. deur net één of twee sinne te bid. Elkeen in die groep sal oor verskillende dinge bid.)

5

GEBED (8 minute)

[VOORBIDDING]
BID VIR ANDERE

As daar tyd is gaan voort met bid in groepies van twee of drie persone. Bid vir mekaar en vir die mense in die wêreld (Romeine 15:30; Kolossense 4:12).

6

VOORBEREIDING (2 minute)

[OPDRAGTE]
VIR DIE VOLGENDE BYEENKOMS

Deel die voorbereiding vir die volgende byeenkoms uit op 'n stukkie papier of laat die groeplede dit afskryf.

1. Toewyding. Wy jou daaraan toe om steeds dissipels te maak, die gemeente van Jesus Christus op te bou en die Koningskap van Jesus Christus te verkondig.
2. Verkondig, onderrig of bestudeer die Bybelstudie uit Romeine 6:1-11 saam met 'n persoon of 'n klein groepie mense.
3. Persoonlike tyd met God. Hou stiltetyd met God uit ongeveer 'n halwe hoofstuk per keer uit **Psalm 50, 51, 58 en 62**. Maak gebruik van die uitgekose Bybelverses of die gunstelingwaarheid metode en maak kort aantekeninge.
4. Memorisering. Mediteer en memoriseer die nuwe Bybelverses: **(10) Romeine 6:23**. Herhaal elke dag die laaste vyf Bybelverse wat jy uit jou kop geleer het.
5. Onderrig. Berei **die gelykenis van "die onbarmhartige amptenaar"** in Matteus 18:23-35 tuis voor. Maak gebruik van die ses riglyne vir die uitleg van gelykenisse.
6. Gebed. Bid vir iemand of iets spesifiek hierdie week en sien met verwagting uit na wat God doen (Psalm 5:4).
7. Hou jou aantekeninge op datum. Sluit jou aantekeninge oor stiltetyd, memorisering, jou Bybelstudie en hierdie opdrag in.